AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL **GRAAD 8**

Liewe Graad Agts

Hier volg verdere oefeninge en aktiwiteite vir weke 5, 6 en 7.

Handel dit af as volg:

Week 5	**Skryfboek**
• Teks 1	- Taal
• Teks 2	- Taal
• Werkkaart a – f	- Taal
• Die Komiese Eier (leesboek bl. 32)	- Letterkund

Week 6	**Skryfboek**
• Teks 3	- Taal
• Teks 4	- Taal
• Werkkaart g – l	- Taal
• Die Nuwe Tiener (leesboek bl. 82)	- Letterkunde

Week 7	**Skryfboek**
• Teks 5	- Taal
• Werkkaart m – r	- Taal
• Die Goor Meisie (leesboek bl. 51)	- Letterkunde

Leesbegrip

Lees die volgende tekste deur en beantwoord die vrae wat volg.

Teks 1

Hoe kies jy jou vierpoor-vriend?

1 Dis baie maklik om 'n hond te kies wat by jou pas. Besluit of jou hond 'n waghond, beskermhond, oefenmaat of net vriend moet wees. 'n Waghond kan enige hond wees wat geraas maak. 'n Beskermhond word opgelei om jou teen gevaar te beskerm.

2 Hoe kleiner die plek waar jy woon, hoe kleiner moet die hond wees. Daar moet ook 'n heining om die erf wees.

3 Besluit hoeveel geld jy wil spandeer. Dink aan die tipe hondekos wat hy moet eet, sy speelgoed en sy veeartsbesoeke.

4 Die lengte van die hond se hare is ook belangrik. Onthou, lang hare moet geborsel en gewas word, wat baie moeite is.

5 Kies 'n hond met die regte geaardheid. Die ideale hond is nie aggressief nie, maar slim, spelerig en geduldig.

6 Probeer om jou hond by 'n betroubare teler te koop. Is die honde almal in 'n goeie toestand? Is die hokke skoon? Blink die honde se pelse en is hulle sonder parasiete? Die klein hondjies moenie tjank en honger lyk nie. Onthou: Opregte hondjies sal baie duurder wees as 'n gekruiste hond.

7 As jy besluit om 'n hond aan te neem by die Dierebeskermingsvereniging, gee jy die dier 'n tweede kans op 'n gelukkige lewe. Die aanneemgeld lyk dalk hoog, maar die honde daar is reeds ingeënt, ontwurm en reggemaak.

(Verwerk en aangepas uit: *Die Oos-Kaap Burger*)

Vrae:

1.1. Wat is die **verskil** tussen 'n waghond en 'n beskermhond?

1.2. Is die onderstreepte sin 'n **feit** of 'n **mening?**

1.3. "Mense wat baie besig is, moenie 'n hond met lang hare koop nie."

1.3.1. Is hierdie stelling **WAAR** of **ONWAAR ?**

1.3.2. Soek 'n rede vir jou antwoord uit die artikel.

1.4. Dink jy 'n hondjie is 'n goeie geskenk? Gee 'n rede vir jou antwoord.

1.5. "Troeteldiere leer kinders om verantwoordelik te wees."
Stem jy saam? Motiveer.

1.6. Hoekom sê die skrywer jy gee 'n hond " 'n **tweede** kans op 'n gelukkige lewe" as jy hom by die DBV gaan haal?

1.7. In paragraaf 6 lees ons van 'n "gekruiste" hond. Verduidelik in jou eie woorde wat 'n gekruiste hond is.

Teks 2

Troeteldiere

1

Koel brak!

Buddy, 'n vyfjarige Jack Russel, is nie tevrede met speel in die park en balle rondjaag nie. Gee vir hom 'n branderplank en die Stille Oseaan en hy is soos 'n hond wat 'n been gekry het. Hy het drie jaar gelede al gewys hy het 'n talent vir dié watersport toe hy in vlak water op 'n kind se drywende lyfplank gespring het. Sy eienaar, Bruce Hooker, is daarna gereeld met hom see toe waar hy mettertyd sy staan op die bord gekry het. Buddy het nou sy eie skuimrubberbord en reddingsbaadjie en hy hang graag tot ses uur lank op 'n slag rond by sy gunstelingstrand in Kalifornië waar hy die branders ry.

2

Het jy geweet?

63%

van alle honde-eienaars erken dat hulle hul honde soen.



3

Katterige happie

Kattekruid is kruisementkruie wat jou kat nuwe lewenslus sal gee. Interessant genoeg, dit is die reuk van die plant eerder as die smaak wat 60% van alle katte so uitbundig maak dat hulle teen die plant skuur en spelerig raak. Dis heeltemal veilig en het nie newe-effekte nie, maar los dit liewer as jou kat jonger as ses maande is – hulle hou gewoonlik nie van dié kruie nie. Jy kan speelgoed met kattekruid binne-in koop, maar dit het selde die gewenste uitwerking omdat die kruie gewoonlik oud is. Koop eerder 'n paar plantjies by jou kwekery, dan het jy genoeg in jou tuin. Om jou eie kattekruidspeelding te maak, pluk net 'n paar blare, druk dit in 'n dik sokkie, bind dit toe en gee dit vir jou kat om mee te speel. En onthou: Kattekruid het presies die teenoorgestelde uitwerking as jou kat dit vreet. As hy in 'n bakleiery was of veearts toe moet gaan, gee vir hom 'n paar blare – dit sal hom kalmeer.

4

Hanteer versigtig

Dié arme geskokte hamster is deel van 'n polisie-ondersoek. Die polisie in Cambridge in Engeland is op soek na die siek mense wat gedink het dis 'n groot grap om die wollerige outjie in 'n koevert toe te plak en in 'n posbus te gooi. Gelukkig het 'n wakker posbode snuf in die neus gekry toe hy die pakkie in die posbus sien beweeg en hy het tot die hamster se redding gekom. Die diertjie, wat toe die naam Postie gekry het, is nie ernstig beseer nie, al meen kenners hy is gelukkig om nog te leef. "Dis onnosel om 'n hamster in 'n posbus te gooi," sê Wendy van die Britse Hamstervereniging. "Hy moes in 'n verskriklike toestand gewees het met al die briewe wat op hom neergereën het."

5

Oppas vir sjokolade

Ja, dis lekker om jou troeteldier met 'n blokkie sjokolade of twee te bederf, maar dalk stel jy sy lewe in gevaar. Diere verteer die middel teobromien, 'n bestandeel van sjokolade, baie moeilik. As jou dier naar word, stuiptrekkings kry, diarree het of baie dors of gespanne is, is hy dalk vergiftig. Net 60 g melksjokolade kan dodelik wees vir 'n hond van 4,5 kg. Bederf jou woef eerder met biltong of 'n happie spesiaal vir diere.

(Uit: *Huisgenoot*, 28 Julie 2005]

<u>Vrae:</u>

2.1 Soek 'n sinoniem vir die woord " hond" uit paragraaf 1 – "Koel brak".

2.2 Watter uitdrukking uit paragraaf 4, "Hanteer versigtig", sê vir jou dat die posbode agterdogtig geword het?

2.3 Noem een ding wat met jou hond kan gebeur as hy sjokolade eet wat nie met hom akkordeer nie?

2.4 Beskryf in jou eie woorde wat "hy is soos 'n hond wat 'n been gekry het" (par.1) beteken.

2.5 Verduidelik waarom die hamster Postie gedoop is (par.4).

2.6 In watter toestand was die arme hamster toe die posbode hom gevind het?

Teks 3



Waar die mens gaan, gaan die rot saam

Afkomstig uit Oos-Asië, het die rot Europa van 1727 binnegedring en binne 50 jaar die hele vasteland beset. Van daar het hulle deur die skeepsvaart oor die hele wêreld versprei.

Rotte is wrede en veglustige diere, en draers van gevaarlike siektes soos die pes, rotbytkoors en verskeie maagaandoenings.

Waarom floreer die bruinrot steeds, ondanks pogings van die vroegste dae af om hom uit te roei? Eerstens is dit 'n besonder slim dier met 'n verbasende aanpassingsvermoë. Die kat en die hond is onnosel in vergelyking met 'n rot. Laboratoriumtoetse het bewys dat rotte vinnig deur 'n ingewikkelde doolgang kan beweeg om by kos uit te kom, en as hy een maal 'n roete verken het, beweeg hy soos blits daardeur. Al is die sig swak, maak die rot staat op 'n skerp reuksin en sensitiewe voelhare op die snoet.

Rotte kan hulle ook by alle klimaatstoestande aanpas, van die trope tot die poolstreke. Hulle vreet 'n groot verskeidenheid kos; hoofsaaklik saad, maar ook vrugte en groente, insekte, aas, en sal selfs paddas en voëls vang. Waar die mens lewe, floreer die bruinrot. Afvalhope bied kos en rioolstelsels skuiling. In hulle guns tel ook hul geweldige aanteelvermoë. Op drie maande word die rot geslagsryp en kan die lewe skenk aan tot ses werpsels van vier tot agt kleintjies per jaar.

Die gewone rotval is steeds die doeltreffendste manier om rotte te vang, maar dan moet dit met vernuf gestel word. 'n Verskeidenheid aas, soos grondboontjiebotter op 'n broodkorsie, spek, kaas en verskeie sade, kan gebruik word. Daar is ook beproefde gifaas. Wissel die aas en gooi kookwater oor die val wanneer dit weer gestel word.

Doeltreffende bestryding van rotte verg volgehoue aandag, maar dit is in die belang van elke huisbewoner en die gemeenskap om dit te doen.

Vrae:

3.1. Wat is die aard van die styl van die leesstuk? Kies die korrekte antwoord :

(a) Wetenskaplik (b) Intormatiet (C) Humoristies

3.2. Van watter land kom rotte oorspronklik?

3.3. Watter **leestegniek** het jy gebruik om bogenoemde antwoord te vind? Kies die korrekte antwoord :

(a) Begriplees (b) Vluglees (c) Soeklees

3.4. Is rotte **slimmer** as honde en katte? Motiveer.

Teks 4

Vrae:

4.1 . Verduidelik die **ironie** in bogenoemde strokiesprent.

Teks 5

Dié donkie is 'n wonderlike ... skaapwagter

Vera Schoeman

1. Maggie, die skaapwagter-donkie, is vir me. Averil Kidson van die Oos-Kaap inderdaad 'n wonderlike ding. Kidson, 'n gesoute skaapboer, span Maggie al meer as twee jaar in om haar vee op te pas en het in dié tyd nie 'n enkele een aan roofdiere afgestaan nie.

2. "Maggie is 'n seëning. Sy is ongelooflik intelligent, sag en dierbaar met haar skaapvriende, maar wanneer daar 'n bedr**ei**ging ontaard sy in 'n tierwyfie. Kidson het ook twee katte. Sy kan skop, byt en balk dat die kranse antwoord gee, en dit is gewoonlik meer as wat enige roofdier se senuwees kan verduur."

3. Kidson het vertel sy het in die beginjare van haar boerdery tot die helfte van haar lammertjies aan roofdiere soos jakkalse en rooikatte verloor. Sy lees toe 'n berig in 'n landboubylae wat haar siening van donkies vir goed verander het. Sy koop elke dag die koerant. "Ek het gelees hulle maak uitstekende skaapwagters en is die meeste roofdiere se moses. Ná nog navorsing op die internet het ek besluit 'n donkie is ongetwyfeld die antwoord op my probleem."

4. Sy het Maggie aangeskaf, en hoewel dit 'n rukkie geneem het om aan te pas, was donkie en skaap se kind gou onafskeidbaar. Kidson het gesê Maggie slaap ook snags tussen haar skape. Kidson is 35 jaar oud.

(Uit: *Volksblad*, 12 Maart 2012)

Vrae:

5.1. Is die onderstreepte klanke in die woord " bedreiging" 'n vokaal of 'n diftong?

5.2. Skryf al die woorde met **diftonge** wat in die onderstreepte sin (par.1) voorkom neer en **ondertreep** dit.

5.3. Dui die **klankbou** (k,v,d,) van die woord **"roofdiere" aan.**

5.4. Gee die **verkleiningsvorm** van " **rooikatte ".**

5.5. Gebruik die **homofoon** (klink dieselfde, ander spelling) van **"vee"** in 'n verklarende sin.

5.6. Is die woord **"skape"** 'n simpleks, afleiding, samestelling of samestellende afleiding?

5.7. Benoem die **skryfteken** in "Die" (titel) en gee ook die **funksie** daarvan.

5.8. Wat is die funksie van die **koppelteken** in " Oos-Kaap"?

5.9. Wat is die funksie van die **deelteken** in "seëning"?

5.10. Waarom word "rooikatte" met twee t's gespel? Gee die **spelreël.**

5.11. Wat is die funksie van die **komma** in par. 2 "...skaapvriende, maar wanneer daar..."

5.12. Gebruik die **kern** van die woord "roofdier" en vorm jou eie **samestelling** waarvan die **kern** nou as die **bepaler** optree.

5.13. Verdeel die woord "jakkalse" in **klankgrepe.**

Werkkaart – Taal Gr 8 EAT

Me B McKay

SPELLING (klankgrepe, lettergrepe, klem, spelreëls en skryftekens)

a) Skryf die volgende woorde se klankgrepe en lettergrepe neer:

Woord	Klankgreep	Lettergreep
Karre		
Verbreek		
Haas		

b) Onderstreep die lettergreep wat die hoofklem dra in die volgende woorde:

1. minister
2. lelik
3. woestyn
4. sirkel
5. gesiggie

c) Deel die volgende woorde in lettergrepe op en dui aan of dit ’n oop- of ’n geslote lettergreep is.

Wenk: ’n oop lettergreep eindig op ’n vokaal / klinker en ’n geslote lettergreep eindig op ’n konsonant / medeklinker.

Byvoorbeeld:

fotograaf: f**o** (oop) t**o** (oop) graa**f** (geslote)

minister _____

saboteur _____

d) Plaas deeltekens op die volgende woorde *waar nodig*:

Wenk: Nie al die woorde kry deeltekens nie.

beindruk, vroeer, bedrieer, finansieel, koordinasie, gereeld.

e) Plaas kappies op die volgende woorde *waar nodig*:

Wenk: Nie al die woorde kry kappies nie.

affere, vlermuis, kers, wereld, more.

f) Skryf die meervoude van die volgende woorde neer. Let op die gebruik van die afkappingsteken.

1. kombi _____
2. ouma _____
3. foto _____
4. sofa _____
5. skadu _____
6. padda _____
7. pa _____

g) Waarvoor staan die volgende afkortings?

1. asb. _____
2. antw. _____
3. bl. _____
4. mev. _____
5. vgl. _____
6. vlg. _____

h) Onderstreep die korrekte spelwyse in die volgende sinne:

Die gevangenis / gevangenes se mure is hoog gebou en is geëlektrifiseer / elektriefiseer.

Die gevangenis / gevangenes in die tronk word goed opgepas.

Ons het gistraand / gisteraand lekker nagereg gehaat / gehad om te eet.

Rudi het onmidellik / onmiddellik na die telefoon /tellefoon gehardloop om sy vriend te bel.

Dit was ’n interessante / intressante praatjie oor vlooie / flooie.

Hy het aangehou tot die einde, hy het baie deursettingsvermoë / deursettingsvermoeë.

SPELLING (los- en vasskryf van woorde, wisselvorme, leestekens en hoofletters)

i) **Wisselvorme** is woorde wat albei reg is om te gebruik. *Ver* en *vêr* is albei reg en dus wisselvorme.

Skryf die wisselvorme neer van:

1. skreeu _____
2. ertappel _____
3. restaurant _____
4. ghitaar _____
5. more _____

j) Skryf die volgende sinne oor en maak die hoofletters reg:

1. hy het aan santie gesê dat hy die juffrou moet gaan help.

   _____

2. corné het sy pa gevra of hy by gert in johannesburg kan gaan slaap.

   _____

3. thomas het gevra: sal pa asseblief ja sê, want ons wil met binnebande in die nelsrivier gaan swem.

   _____

4. my kat se naam is spikkels en my krimpvarkie se naam is vroudou.

   _____

5. ons ry die eerste saterdag in desember met die gautrein.

   _____

k) Skryf die volgende sinne oor en gebruik gepaste leestekens en hoofletters. Dui die leestekens in 'n helder kleur pen aan.

1. nadat ons mekaar met modder besmeer het het ons in die rivier gaan swem

   _____

2. jacques skreeu eina jy trap op my toon

   _____

3. wanneer gaan jy leer om toemond te kou

   _____

4. annelie sê ek is lief vir my land suid afrika

   _____

l) Gee die afkorting van die volgende woorde:

antwoord _____

bogenoemde _____

dominee _____

dominees _____

dit is _____

dit wil sê _____

hoofletter _____

hoofstuk _____

junior _____

met ander woorde _____

televisie _____

van links na regs _____

woordeboek _____

KLANKLEER (vokale, konsonante, diftonge)

m) Lees die volgende lawwe versie van Philip de Vos en onderstreep al die diftonge wat daarin voorkom:

’n Luislang

in die bed

is wrintiewaar

g’n pret.

Voor jy weet

dan druk hy jou;

een twee drie

dan sluk hy jou:

pen en pootjies

vel en been -

nog ’n outjie

daarmee heen.

Geneem uit *Mallemeuleman* deur Philip de Vos.

KLANKLEER (klankverskynsels: ronding, assimilasie)

n) Dui die ronding van die lippe in die volgende aan. Teken die lippe bo die woord om jou te help.

Wanneer die woord *seun* uitgespreek word as *seen* is dit _____

Wanneer die woord *seën* uitgespreek word as *seun* is dit _____

Wanneer die woord *neef* uitgespreek word as *neuf* is dit _____

Wanneer die woord *muur* (gebou) uitgespreek word as *mier* is _____

Wanneer die woord *miertjie* (dier) uitgespreek word as *muurtjie* is dit _____

o) Skryf vier klanknabootsende woorde neer:

_____

_____

_____

_____

WOORDBOU (stam en basis, morfeme (pre- en post-) en klinkerwisseling)

p) Voorvoegsels kan ook betekenis hê. Skryf die betekenisse van die volgende voorvoegsels neer:

On- in die woord *oneerlik* beteken

_____

Her- in die woord *herleef* beteken

_____

Wan- in die woord *wanbestuur* beteken

_____

Mis- in die woord *misvorm* beteken

_____

Tele- in die woord *televisie* beteken

_____

q) Vorm persoonsname van die volgende woorde:

Luister_____

Winkel _____

Masjien_____

Kritiek _____

Lomp _____

Pensioen_____

Bedrieg _____

Leuen _____

r) Gebruik klinkerwisseling om die korrekte woord tussen hakies te gee:

1. Die (ruik) _____ van die braaivleishang in die lig.

2. Die skut het ’n (skiet) _____ in die lug geskiet.

3. Hy sluit die kas deur die (sluit) _____ te draai.

4. Dit was ’n reuse (spring) _____ wat die verspringatleet gemaak het. Die (bind) _____ wat daar tussen die twee meisies is, is sterk.